

Inhoud Hierdie preek wys die verskil in die verbintenis tussen God en mens deur Christus en deur goddeloosheid. Christus verbind ons met ontsag aan sy Vader en met respek aan gesagsdraers, met broederliefde tot ons medegelowiges en respek vir alle mense. Goddeloosheid draai hierdie verbintenis om met ontsag vir gesagsdraers en respek vir alle gode, en broederlike liefde vir die gemeenskap en minagting vir almal wie nie in hierdie broederlikheid deel nie. Die moderne christelikheid wil hierdie verbodering in die wêreld voorhou as die nuwe liefde van Christene vir God en die wêreld.

Skriflesing Jes. 8: 13 -15 (1953) 1 Petrus 2: 4 – 10, 2: 13 -17, 1: 22 – 25.

Teks 1 Petrus 2: 6: “Kyk, Ek lê in Sion ’n klip, ’n hoeksteen, uitverkore en kosbaar; en wie in hom glo, sal verseker nie beskaamd staan nie”

Tema Christus is ons Hoeksteen, nie die Klip waarom ons val nie

1. Wie is wie se ondergang, Christus die wêreld s'n of die wêreld Christus en sy kerk s'n?

Opkoms en ondergang gaan oor mag! Besighede staan op wanneer daar nuwe geldmag is, plase staan op wanneer daar nuwe vermoënde eienaars kom, nuwe gemeenskappe staan op deur nuwe kragtige jongmense, nuwe regerings staan op uit nuwe magsbasse en nuwe gesinne en families staan op deur nuwe lede in 'n gesin en familie.

Ondergang gaan oor die verlies van mag! Besighede gaan onder wanneer hul geld opraak, plase verval wanneer hul eienaars verswak en uitgeput raak, gemeenskappe gaan onder wanneer daar nie meer kinders en jongmense is nie, regerings val wanneer hul magsbasse verkrummel en gesinne en families gaan agteruit deur die dood.

Wie se mag bewerk wie se ondergang, Christus die wêreld s'n of die wêreld Christus en sy kerk s'n?

2. Vir die gemeentede aan wie Petrus hierdie brief skryf het dit gelyk asof die kerk besig is om onder te gaan onder die mag van die heidense gemeenskappe en die Romeinse owerhede.

Die Christene is as vreemdelinge gesien en verklaar in hierdie gemeenskappe omdat hulle nie deel was van die lewenshouding en verhoudings in die gemeenskap nie. (1:1, 17, 2:11, 4:4)

Wat die Christene van hulle gemeenskappe vervreem het, was hul nuwe verbintenis tot God en mense. Petrus roep hulle tot hierdie nuwe verbintenis juis op in 2; 17:

Christus is ons Hoeksteen, nie die Klip waaroor ons val nie

“Julle moet alle mense respekteer, die medegelowiges met liefde bejeën, ontsag hê vir God, die keiser respekteer.”

Petrus gee hier twee uitbreidings op die woorde van die Here Jesus toe hy die Fariseërs geantwoord het oor belastingbetaling: “Gee aan die keiser wat die keiser toekom en aan God wat Hom toekom.” (Mat. 22: 21) Eerstens wys hy wat is dit wat God toekom en wat is dit anders as wat die keiser toekom. Wat God toekom is ontsag en wat die keiser toekom is respek. Die tweede uitbreiding gaan oor hoe hierdie verbintenis tot God en die keiser jou verbintenis tot mense verander. Wie vir God ontsag het, het sy broers en susters lief. (Die woord “medegelowiges” beteken letterlik “broederskap”) en wie die keiser respekteer respekteer ook alle ander mense.

Dit is die nuwe verbintenis van gelowiges gewees tot God en mense: hulle het ontsag vir God gehad en hul mede-lidmate liefgehad, en die keiser en alle ander mense geëer.

3. Hierdie nuwe verbintenis tot God en mense, het hulle van die gemeenskappe en owerhede waarin hulle geleef het, vervreem!

Dit moet ons raaksien! Dit was nie hulle onvriendelikheid teenoor mense nie. Intendeel, uit hulle oortuiging dat hulle alle mense moet respekteer, was hulle met alle mense, vryes en slawe (1 Pet. 18 -20) , mans, vrouens en kinders (1 Pet. 3: 1 – 7) , alle nasies, volke en rasse, vriendelik. Dit was ook nie hulle asosiale houding waardeur hulle nie saamgeëet, saamgedrink en saamgekuier het nie. Dit is juis die teendeel. Die eerste gemeentes het juis nie meer die afsonderlike eet en drink-rituele van die Joodse godsdiens onderhou nie. (Hand. 11; Gal. 2: 11 – 14) Dit was ook nie geestelike snaaksighede nie want hulle godsdiens was juis gekenmerk deur verstandelike paraatheid en nugterheid. (1 Pet. 1: 13) Dit was ook nie hulle hooghartigheid of kwaadwilligheid teenoor die gemeenskap nie. Petrus roep hulle juis op tot ontferming, nederigheid en om nooit kwaad met kwaad te vergeld nie. (3: 8. 9)

Ons mag nie dat sulke valse indrukke oor die eerste Christene die werklike rede vir hoekom hulle vreemdelinge binne hul eie gemeenskappe geword het, verduister nie. Die een en enigste rede hoekom hulle vreemdelinge vir die gemeenskap geword het, is hul nuwe verbintenis tot God en mense: “Julle moet alle mense respekteer, die medegelowiges met liefde bejeën, ontsag hê vir God, die keiser respekteer.”

4. Hierdie is presies die teenoorgestelde verbintenis tot God en mense as wat al die ander mense in die gemeenskap gehad het.

Hulle verbintenis tot God en mense het só geklink: “Jy moet ontsag hê vir keiser en alle gode respekteer. Jy moet jou mede-Romeinse burger liefhê as broeder en alle

Christus is ons Hoeksteen, nie die Klip waaroor ons val nie

nie-Romeine minag. Jesus spreek die Jode oor presies hierdie selfde houding aan in Mat. 5: 43: "Julle het gehoor dat gesê is: 'Jy moet jou naaste liefhê' en 'Jou vyand moet jy haat.'

Hulle het die verhouding tussen ontsag en liefde teenoor respek omgekeer. Daarom het heidene presies die teenoorgestelde verbintenis tot God en mense as Christene: "Julle moet alle mense respekteer, die medegelowiges met liefde as broers en susters bejeën, ontsag hê vir God, die keiser respekteer."

Hierdie nuwe verbintenis tot God en mense het alle verbintnisse van Christene verander. Hulle het nou 'n lewenshouding en verbintenis met die keiser gehad waar hulle nie meer vir hom ontsag nie maar net respek gehad het. Hulle het ook geen respek meer vir ander gode gehad nie, maar net minagting. Hulle het ook nie meer broederliefde vir mede-Romeine gehad nie en het nie mense wat nie-Romeine is nie, geminag nie, omdat hulle alle mense gerespekteer het.

5. Wat is die verskil tussen ontsag en respek wanneer dit gaan oor God en die keiser? Dit is eenvoudig. Ontslag vir God is om God met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou kragte lief te hê. Respek vir die keiser is om hom as jou naaste te sien wie die besondere amp van regeerder van die land het en om aan hom só as nog 'n burger van die land gehoorsaam te wees.

In die Romeinse Ryk, soos in alle ander wêreldryke werk dit net mooi die teenoorgestelde. Hier moet jy die keiser, die president, die leier lief hê met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou kragte. Dit is die wese van alle absolute state nog altyd gewees, maak nie saak of dit humanistiese demokrasieë of sosialistiese outokrasieë is nie. Wie vir leiers ontsag het, sien en respekteer alle gode soos hulself want dit is maar net jou god wat jy vir jouself gekies het en opgemaak het.

Dit is die kamstige godsdienstige verdraagsaamheid van alle wêreldmagte: jy mag nie jou god beter of as die enigste god sien nie, want elke mens het god lief soos homself en daarom moet elkeen die ander se god respekteer. Dit is egter net 'n skyn-verdraagsaamheid. Die godsdienstige onverdraagsaamheid van hierdie goddeloosheid is dat dit wat die Een en Enigste God toekom, liefde met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte, is hoe jou nou ontsag moet hê vir die leiers. Want jy behoort aan die gemeenskap en die staat, en nie meer aan God nie.

Jy behoort aan die staat, jy moet ontsag hê vir die staat, die nasie en leier. God behoort nou aan jou. Jy kan God liefhê soos jouself. Jy moet alle gode respekteer.

Daarom is die Christene se lewenshouding en ingesteldheid om net vir God alleen ontsag te hê en alle owerhede te respekteer net soos jouself, 'n ondermyning en vernietiging van alles wat 'n godlose gemeenskap is en wil wees.

Christus is ons Hoeksteen, nie die Klip waaroor ons val nie

6. Wat is die verskil tussen respek vir alle mense en broeder- of susterliefde net vir mede-Christene?

Petrus stel broederlike en susterlike liefde van Christene as die liefde van God die Vader se kinders vir mekaar. God die Vader het ons as sy kinders uitverkies (1:2) en as God die Vader ons weer gebore laat word deur die Evangelie van Jesus Christus. (1 Pet. 1: 23 – 25) Ons is weer gebore as kinders van God die Vader! Ons is broers en susters omdat dieselfde Vader ons verwek het.

Ons is broers en susters omdat God ons gehoorsaamheid vir Hom heilig laat wees en ons reinig van ons sondes. As kinders van God die Vader leef ons met die hoop dat ons liefde vir Hom ewig is (1:3), in die geloof dat ons gehoorsaamheid aan Hom reg is (3:18) en dat ons vry is om God met ons hele hart, siel verstand en al ons kragte te mag dien. (2:16) As kinders van God is alles wat ons doen vir God ons Vader geestelike offers wat vir Hom aanneemlik is (2: 5) en verkondig ons hele lewe God se deugde, dit is dat Hy genadig (1:1,13), ontfermend (1:3, 2:10), goed (2:3) en heilig (1:15) is.

As kinders van God die Vader is ons sy uitverkore geslag, sy koninklike priesterdom, sy heilige nasie en die volk wat aan Hom behoort. (2: 9)

Broederlike en susterlike liefde is om mekaar te aanvaar en lief te hê as kinders van God die Vader. Om mekaar te aanvaar en lief te hê as geheilig in ons gehoorsaamheid en gereinig van ons sondes, as een in hoop, geregtigheid en diens, as God se geslag, priesterdom, nasie en volk.

Dit is hoe God ons tot mekaar as broers en susters van een Vader verbind: “Omdat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar innig en met rein harte liefhê.

Christene kan net medegelowiges só liefhê, nie alle mense nie. Alle ander mense het Christene lief deur vir hulle respek te hê volgens God se Wet.

Ons kan nooit ons kindskap van God met alle ander mense deel nie, want ons en hulle het nie dieselfde Vader nie. God die Vader, is nie hulle Vader nie. Die teendeel is waar. Hulle leef nou reeds onder die oordeel van God (4: 18) en die Here het Homself teen hulle gedraai. (3:12)

Respek vir ander mense is om hulle volgens God se wet te eer, maar nie as broers en susters van dieselfde Vader lief hê. Ons kan met alle mense in 'n gemeenskap leef maar net met ons medegelowiges in die gemeenskap van die heiliges.

Christus is ons Hoeksteen, nie die Klip waaroor ons val nie

7. Die broederskap waarin ons mekaar aanvaar en liefhet as God se kinders, een in hoop, geregtigheid en vryheid en God se geslag, priesterdom, nasie en volk, kan ons nooit vir enige ander mense hê nie.

Ons kan nooit die geslag, die volk en nasie waartoe ons in 'n gemeenskap behoort ooit aanvaar as ons broederskap waarin mekaar met broederliefde, liefhet nie.

Dit is net hier waar ons vreemdelinge in die wêreld is. Want net soos met Romeinse burgerskap soek alle wêreldse gemeenskapsverbande nie respek nie. Hulle soek broederskap en broederlike liefde. Dit was die slagspreuk waarmee die Franse Rewolusie aangevuur was: "vryheid, gelykheid en broederskap" wat tot vandag toe nog die broederskap elke humanistiese demokrasie is. Jy moet nie die volk en volksgenote respekteer en eer nie, jy moet hulle broederlik liefhê en jou hoop, reg en vryheid moet jy in die volk vind. Jy moet nie die nasie en alle lede van die nasie respekteer as jou naaste en gelykes voor die wet nie. Jy moet die nasie met broederlike liefde omhels en jou hoop, reg en vryheid in die nasie vind. Jy moet nie net jou gemeenskap, jou geslag, respekteer en eer volgens God se wet nie. Jy moet die gemeenskap met broederlike liefde liefhê omdat julle 'n broederskap is, en jy moet jou hoop, reg en vryheid in die gemeenskap vind.

As jy net respek het vir hulle, maar jou hoop, reg en vryheid in God vind, dan minag hulle jou omdat jy nie deel van hulle broederskap en broederliefde is nie. U ken hierdie minagting. Dit is die tipe minagting waar jy moet hoor dat al eer jy jou Afrikanerskap, is jy nie 'n ware Afrikaner nie want jy is nie deel van een of ander Afrikaner-broederskap nie. Dit is die tipe minagting waarin jy die nasie eer maar geminag word omdat jy nie deel van die Afrika-broederskap is nie. Dit is die tipe minagting dat al het jy respek vir die gemeenskap, jy nie deur die gemeenskap aanvaar word nie omdat jy nie deel van hulle broederskap is nie.

8. Ons is vandag weer in die posisie van die Christene in Noord-Turkye. Hulle het gesien dat hulle ondergang bewerk word deur die broederskap van Rome waar die keiser ontsag soek en alle gode gerespekteer kan word, en waar mede-Romeine deel van die broederskap is en alle ander mense geminag word.

Dit is die boodskap wat hulle moes kry in die aanvalle en geweld van die gemeenskap en owerhede op hulle: 'n houding vir God ontsag te hê en die keiser net te eer, om alle mense net te eer en net vir Christene as broers en susters van die Enigste Vader lief te hê, sal nie geduld word nie.

Dit was volgens die heidense romeinse gemeenskappe 'n lewenshouding en geloof wat aan die ondergaan is, wat tot 'n val gaan kom in die gemeenskap en hom te pletter gaan loop teen die gemeenskap!

Christus is ons Hoeksteen, nie die Klip waaroor ons val nie

Hierteenoor kondig Petrus dan Christus só aan: “Kyk Ek lê in Sion ’n klip. ’n hoeksteen, uitverkore en kosbaar; en wie in Hom glo, sal vir seker nie beskaamd staan nie.(2:7) Vir die goddelose wêreld gemeenskap is Christus as Rots en hoeksteen, wat hulle verwerp, die klip waaroor hulle gaan struikel en hulle tot ’n val gaan laat kom. (2: 8)

Petrus haal hier Jesaja 28: 13 – 15 direk aan: “Die Here van die leërske – Hom moet julle heilig, en laat Hy julle vrees en verskrikking wees. Dan sal Hy vir julle ’n heiligdom wees, maar ’n klip waar teen ’n mens stamp en ’n rots waaroor ’n mens struikel.” (1953 Vertaling) Die beeld van ’n klip en rots gaan oor iemand wat in die donker loop en homself teen ’n klip te pletter loop of teen ’n berg in die donker oor ’n rots struikel en homself te pletter val.

9. Wie is Christus vir ons en vir die goddelose wêreld vandag?

Laat Christus Homself vandag soos net nog ’n afgod soos alle ander afgode vereer omdat Hy toelaat dat keisers, konings, presidente, leiers en tiranne sy ontsag vir hulle self toeëien?

Het Christus godsdienstige verdraagsaamheid met alle ander gode en maniere waarop mense God soos hulle self lief het?

Dit is mos niks anders as ontheiliging van Hom as God nie. Dan is Christus mos besig om Homself as god elke dag te ontheilig. Dit is presies die mag houding wat Jesaja aanspreek in die oproep: “Die Here van die leërske – Hom moet julle heilig, en laat Hy julle vrees en verskrikking wees.” Bedoelende dit is nie die konings van die wêreld wie vir julle heilig moet wees omdat hulle julle met vrees en verskrikking vervul nie.

Dit is die duisternis waarin die wêreld leef: vir hulle is daar nie net Een God die Skepper wat vir Hom net een volk en nasie heilig vir sy diens nie. Omdat hulle glo alle gode is opgemaak en elkeen kan sy eie god opmaak, en elkeen kan sy eie manier van godsdiens vir homself opmaak, net solank die ontsag die keiser toekom, beteken dit nie dat Christus na hulle gaan luister nie.

Hy gaan sy kerk vestig op Hom en Hy gaan vir alle ander godsdienste en geestelike instellings die Rots en Klip wees waarin hulle in hul duisternis hulle te pletter sal loop en te pletter sal laat val.

Alle gemeenskappe, volke en nasies wat Hom net eer sodat hulle ontsag vir hul leiers se mag kan hê, sal Christus self laat val en laat ondergaan. Christus bou, sterk en laat hulle wie vir Hom ontsag het en alle gesagsfigure eer, gevestig staan. Vir hulle is hy die Hoeksteen waarop hulle gebou en waarvolgens hulle gerig is.

Christus is ons Hoeksteen, nie die Klip waaroor ons val nie

10. Watter gemeenskappe is besig om onder te gaan en watter gemeenskap is altyd besig om nuut op te staan?

Hulle wie broederskap en broederlike liefde in die gemeenskap, volke en nasies soek en wie buite die broederskappe is, minag, of die gemeenskap wie hulle broederskap in God die Vader vind en alle mense eer?

Dit is die tragedie wat in groot dele van ons kerk en kerke in Suid Afrika vandag afspeel, soos ook oor die hele wêreld heen. Kerke verkondig vandag al meer verbroedering in plaas van broederskap. Verbroedering beteken dat hulle verkondig aan Christene dat hulle die gemeenskap van hulle geloof in die gemeenskap, die volk en nasie moet soek en nie meer net in die kerk van die Here nie!

Christene moet broederskap in die gemeenskap, volk en nasie soek, en hul broederliefde gee aan die gemeenskap, volk en nasie. Dit is die nuwe verbroedering wat aan ons voorgehou word as die opkoms van die nuwe geestelike gemeenskappe in ons land.

Dit is die nuwe broederskap en broederliefde wat ons met vind en gee vir die Lesbiese, Bi-seksuele, Gay, Trans-gender en Queer-gemeenskappe. Ons moet hulle as ons nuwe broederskap aanvaar en ons broederlike liefde aan hulle gee. Wanneer ons dit nie doen nie, maar hulle net eer volgens die wet van God soos alle ander mense, dan is ons die mense wat geminag word as liefdeloos met vrese en haat vir die LB GTQ gemeenskappe. Dit is die nuwe geestelike gemeenskappe wat opkom en 'n toekoms het. Wie dit nie doen nie, is kerke wat besig is om onder te gaan.

Die nuwe broederskap wat ons moet vind en broederliefde wat ons moet gee, is ons broederskap met die nuwe nasie. In hierdie nuwe broederskap is versoening, versoening met die nasie. Daarom moet ons nou ons Christelike broederliefde aan die nasie betoon in selfopoffering, self-oorgawes en selfvernedering vir die nasie. Só word in kerklike vergaderings kerklike verslae opgedra aan "Pappa Madiba" en nie "Ons Vader nie, en word die nasionale lied tot 6 keer in een vergadering gesing en gespeel, maar nooit só die "Ons Vader nie." Wie die nasie net eer volgens God se wet, word as vyande en rassiste geminag. Kerke wat deel is van hierdie nuwe broederskap is die kerk met 'n toekoms en die kerke wat nie hierdie nuwe broederliefde uitleef nie, is kerke wat besig is om onder te gaan.

Net só word hierdie broederskap en broederliefde gesoek en opgeëis vir Afrika of die Afrikaner, en as jy net eer het, en eer gee vir alle Afrikane en Afrikaners, dan word jy met die diepste minagting verwerp en word dit aan jy duidelik gestel dat jy nie meer plek het in die nuwe gemeenskap wat nou opgestaan het of gaan opstaan nie. .

Christus is ons Hoeksteen, nie die Klip waaroor ons val nie

11. Christus is die Rots op wie ons opgebou word in broederliefde net vir kinders van God ons Vader en respek vir alle mense! Hy is die Rots en Klip waarteen alle ander verbroederings en minagtings vir mense hulle te pletter sal loop en oor sal val.

In watter geloof en lewe bou Christus ons op: “Julle moet alle mense respekteer, die medegelowiges met liefde bejeën, ontsag hê vir God, die keiser respekteer” of “Jy moet ontsag hê vir die keiser en alle gode respekteer. Jy moet jou naaste liefhê as broeder en wie nie deel van die verbroedering is nie, minag?

Watter een gaan Christus self bou, versterk en vestig (5:10) en teen watter een gaan Christus hom draai en veroordeel sodat hulle hulle teen hom te pletter gaan loop en te pletter gaan val? Watter een gaan vir altyd staande bly en watter een gaan gou tot 'n val kom?

Alles wat nou op hierdie wyse aan ons gepreek, geleer, verkondig en voor-geleef word: jy moet ontsag vir die staat hê en eerbied vir alle gode en godsdienste, jy moet verbroeder met jou naaste en minag wie nie met jou verbroeder nie, is aan die ondergaan, want Christus is die Rots waarteen hulle hul te pletter gaan loop en oor gaan val.

Christus gaan nie Hom vir die staat ontheilig as net nog 'n god wat geëer mag word nie, maak nie saak hoe dit gepreek en geleer word nie.

Christus is die hoeksteen en rots vir die nuwe lewenswyse wat hy deur sy lyding en opstanding vir sy kinders geskep het: Ons het ontsag vir God die Vader omdat Hy ons in sy liefde ingesluit het, oor ons ontferm het, aan ons sy Godheid bewys het en ons in Christus begenadig het. Daarom het ons net eerbied vir alle gesagsdraers, nooit ontsag nie. Daarom het ons sy kinders met broeder en susterliefde lief en het ons net respek vir alle ander mense.

In hierdie geloof en lewenswyse sal die Here ons altyd nuut laat opstaan uit die goddeloosheid van hierdie wêreld as die kerk wat Hy opbou. Ons diepste verset teen die nuwe vergoddeliking van die leiers en die verbroedering met 'n goddelose gemeenskap klink só:

- Kom ons verwerp die verbroedering met die wêreld en ons gee ons broederliefde net vir die kinders van ons Vader!
- Kom ons verwerp die minagting van hierdie wêreld vir hulle wat nie deel is van hulle verbroedering nie, deur alle mense te respekteer.
- Kom ons verwerp enige vorm van ontsag vir enige wêreldse gesagsdraer en gee net vir God ons ontsag vir sy liefde.
- Kom ons verwerp al die minagting van wêreldse gesagsdraers deur ons respek vir alle gesagsdraers.

Christus is ons Hoeksteen, nie die Klip waaroor ons val nie

- Kom ons verwerp enige gelykstelling van God met alle ander geestelikhede, spiritualteite en godsdienste vir ons gehoorsaamheid net aan die Vader en die Seun.

Kom ons wees die kerk wie op Christus gehou is as Rots en Hoeksteen en nie hulle wie hulle teen Hom te pletter gaan loop en oor gaan val met hulle wêreldse godsdienstigheid en goddeloosheid nie.